Ds van Vuuren

NOTULE VAN 'n VERGADERING VAN DIE PLAASBESTUUR VAN VALSFONTEIN WAT GEHOU IS OP VRYDAG, 14 JULIE 1978 OP DIE PLAAS

1. TEENWOORDIG

1.1 Ds R. van Vuuren, sec. vir ds D.S. Snyman - waarnemende voorsitter
1.2 Ds J.L. Pretorius - Sekretaris
1.3 Mnr C.R.P. Jacobs is afwesig met verskoning
1.4 Op versoek is mnr J.P. van Schalkwyk teenwoordig in raadgewende hoedanigheid.

2. OPENING

Die waarnemende Voorsitter heet die aanwesiges welkom.

3. NOTULE

Die Notule van die vergadering van 1 Mei 1978 is goedgekeur.

4. UITTREK VAN PYPE UIT BOORGAT

Mnr J.P. van Schalkwyk rapporteer en die vergadering neem daarvan kennis dat die pype uit die boorgat verwyder is en geberg word in die stoor. Die boorgat is ondienlik vanweë die ingroei van boomwortels.

5. GROOT WINDPOMP

Die Sekretaris deel mee dat tot sover nog niemand na vore gekom het om die groot windpomp te koop nie.

6. LYNDRADE

Die Sekretaris rapporteer dat mnr J. van der Walt, namens sy skoonmoeder, klagte ingedien het ten opsigte van die toestand van die lyndraad tussen Valsfontein en Rooikoppies. Mnr C.R.P. Jacobs het op versoek van die Sekretaris die lyndraad inspekteer en bevind dat afgesien van 'n klein deel van ongeveer 300 meter waaraan mnr Jacobs besig is om aandag te gee, die lyndraad in 'n bevredigende toestand is. Met hierdie bevinding wil mnr van der Walt nie saamstem nie. Die lede van die vergadering doen self inspeksie en bevestig die bevinding van mnr C.R.P. Jacobs.

7. DIEFSTAL VAN SPRINGBOKKE

Die Sekretaris deel verder mee dat mnr J. van der Walt beweer dat hy gesien het hoedat springbokke op Valsfontein gesteel word en dat hy (die Sekretaris) die saak aanhangig gemaak het by die polisie op Bethulie, maar het sedertdien niks van hul verneem nie. Die vergadering keur die optrede van die Sekretaris goed en besluit om die feit van die diefstal onder aandag van die Departement van Natuurbewaring te bring.

8. HERSTEL VAN STOOR EN ANDER BUITEGEBOUE

Aangesien die stoor in 'n baie swak toestand is en dit noodsaaklik geword het om dit te herstel, besluit die vergadering dat mnr C.R.P. Jacobs versoek word om in samewerking met die Huurder planne vir goedkeuring voor te lê.

9. AFSLUITING

Die waarnemende Voorsitter bedank die aanwesiges vir hul teenwoordigheid waarna die vergadering verdaag.

VOORSITTER _____ SEKRETARIS _____ DATUM _____